

30 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 42:1-7

Fokusgedeelte: Jesaja 42:3

Die Here sien nie neer op wie swak is nie

Ons beleef baie situasies van magteloosheid, veral in vandag se omstandighede. Dit kan 'n mens laat twyfel en jou moedeloos laat word. As jy aan God glo, kry jy egter 'n ander kyk op sake, soos op Israel se magteloosheid in ballingskap. Israel is die Here se dienaar.

In die magtelose situasie van ballingskap is dit vir Israel onmoontlik om die wil van die Here aan ander bekend te maak. Israel voel self "die Here sien nie raak wat van my word nie, my reg gaan by my God verby" (Jes 40:27). Ondanks hierdie gebrek aan geloof en vertroue is God vol deernis. "Hy weet wat van sy maaksel is te wagte, hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte, en dat ons stof van jongs af is gewees" (Ps 103:7). Hy gee sy dienaar wat namens Israel sal optree en Hy begiffig hom daarvoor met sy Gees.

Die dienaar, wat ons uiteindelik ken as Christus, kom nie op 'n opsienbare manier nie en nie as 'n magtige held nie, maar as iemand wat magteloosheid verstaan. Hy skaar Hom by dié wat swak is. Dit mag lyk of Hyself ook swak is, maar Hy sal sy dienstaak enduit voltooi en God se verlossingswil aan die nasies bekend maak. God wat Hom sal stuur, is immers die magtige Skepper van hemel en aarde. Al die mense en alles wat leef, het hulle asem aan Hom te danke.

Hy is die getroue God. Deur sy dienaar laat Hy sy verbond met sy volk voortgaan en ook al die nasies omvat. Hy bring lig en bevryding vir almal wat in donkerheid en beklemming verkeer.

Sing: Psalm 147:2 (2001)

Prof JL Helberg (Emeritus)